

Matthys Michielse Walters (Oom Boy)

Ons oudste manlike-Walters

NM Walters

Inleiding



Oom Boy se herkoms begin by Samuel Walter(s), die stamvader van alle Afrikaner-Walterse, afkomstig van Pressburg, vandag Bratislava, die hoofstad van Slowakye. Samuel tree in die huwelik met Maria Van der Westhuizen, weduwee van Cornelis van Niekerk, op 22 Mei 1711. Hulle drie seuns, Daniel, Nicolaas en Stephanus Sebastiaan word groot op die plaas De Tijgerbergen, vandag die bekende wynplaas Altydgedacht naby Durbanville.

Matthys Michielse, Samuel van Bratislava se agter-agterkleinkind en na wie oom Boy heet, het groot geword op die bekende Walters-familieplaas, Bakenfontein, net buite Malmesbury. Hy trou gedurende 1826 met Maria Elizabeth Petronella van der Merwe en koop die plaas Waterklip in die Agterbaai, geleë tussen Saldanhaabaai en St. Helenabaai in 1854.

Oom Boy op sy 101 ste verjaardag

Oom Boy, Pionier ouer Matthys Michielse van Waterklip se agterkleinseun en agste generasie Walters, word op Donderdag 10 Mei 1906 op hierdie historiese plaas gebore. Hy was die sesde kind van Matthys en Frances Walters. Sy ma was Engelssprekend en hy het dus tweetalig grootgeword. Daar was 9 kinders in die gesin: Annie, Susie, John, Willie, Frances, Boy (vernoem na sy pa, Charles), Freda en Maud.

Oom Boy se lewensverhaal

Kinderjare:

Oom Boy het vertel dat hy 3 jaar oud was toe sy ouma Annie de Smidt oorlede is. Hy onthou hoe hy met sy karretjies in die voorhuis gespeel het en sy ma vir hom gesê het dat hy nie so moet raas nie, want sy ouma is siek. As kind het hy op Vredenburg skoolgegaan. Aanvanklik het hulle met die eenperdkar skooltoe gery. Die oudste seun, sy broer John, het "Logan" se leisels gehou. Boy het vertel, dat hy maar meestal sy skoolwerk oppad skooltoe gedoen het, want al die seuns moes maar help op die plaas. Vandaar sy liefde vir tuinmaak. Toe hulle ouer was, het die seuns met 'n kortpad skooltoe geloop. Sy beste vriend was John Visser. Hulle het dikwels as 'n groep jongmense saam piekniek gehou en geswem in die rivier. (Oom John het ook in die Strand afgetree en het altyd Saterdag vir Boy in Brandstraat kom kuier).

Maats:

Op die plaas was daar nie 'n tekort aan maats nie. Behalwe sy ouer broer Willie, was daar nog sy neef Andries (Tannie Daisy van Wyk in Ametis se broer) wat saam met hom veldheuning uit die erdvarkgate gehaal het. Dit was glo groot pret. Boy het ook duiwe aangehou en het self vir hulle 'n hok gemaak. In die later jare was hy steeds kreatief met sy hande en verstand. So het hy op 'n keer 'n asbak gemaak van die koper weerkaatser van 'n lokomotief. Hy het ook 'n gordynkap met laaghout gemaak en dit met appelkooskonfyt aanmekaar gelym! Sy ander liefde was die diere op die plaas: die katte wat die muise in toom moes hou en die groot waghonde. Hy kon tog so sy suster Maud se hond terg! Hy kon ook goed perdry. Maud het vertel hoe hulle saans aan sy lippe gehang het as hy vir hulle stories (wat hy self uitgedink het) vertel het.

Groot Griep:

Toe hy amper 13 jaar oud was, is sy pa tydens die groot griep skielik oorlede. Die testament was nog nie geteken nie en na 'n paar jaar het die gesin die plaas verlaat. Boy kon dus net tot standerd 8 skoolgaan en het vir 'n paar maande by sy oom in Seepunt gaan bly. Sy ma het vir hom 'n Bybel gegee met die volgende Bybelvers daarin geskryf: Ps. 20:2 "Mag die Here jou gebed verhoor op die dag van nood. Mag die Naam van die God van Jakob jou beskerm."

Spoorweë:

Daarna het hy in 'n neef se winkel gewerk. Dit was net vir 'n kort ruk. (Naweke het hy in die Paarl op die Louws se plaas gewerk. Later toe hy by sy oom loseer het, het hy vrugtekissies toegespyker en so sy losies betaal).

Hierna het hy by die Spoorweë in Eersterivier gaan werk en kon eers op 21 jaar 'n vaste pos kry in Artois. Aangesien hy toe alreeds so baie ondervinding opgedoen het, is hy in 'n hoer rang aangestel, naamlik leerlingvoorman. Daarna het hy op verskeie stasies in die Karoo diens gedoen.

Huwelik en gesin:

Hy was al Stasiemeester toe hy vir Sophy Nawrattel ontmoet het. Sy was toe sestien. Hulle is op 14 Junie 1941 in Tulbagh getroud. Hy was 35 en sy 21. Hul seun Thys, vernoem na sy pa, is in 1942 in die Paarl gebore. In 1946 het die elfjarige Yda Nawrattel (Sophy se sussie) by hulle kom bly en deel van die gesin geword. Vir Boy was sy soos die oudste dogter in die huis. Toe sy in 1985 oorlede is, was dit vir hom 'n baie hartseer ervaring.

In 1948 is sy dogter Gerda in De Aar gebore. 'n Paar dae later is sy ma, Frances (78jr), in Claremont oorlede. Hy het altyd gereeld vir sy ma geskryf en vir haar foto's en geld gestuur. Op 'n keer toe hy by sy vriend Albert Sadie se troue was, is Boy saam met Dirk Sadie (in die bruid se trouok!) afgeneem. Hy stuur toe die foto vir sy ma. Sy was baie teleurgesteld dat hy met so ru lelike vrou getroud is totdat sy die brief gelees het!

Aftrede:

In April 1966 het hy afgetree en het hulle in Brandstraat 109, in die Strand-Noord gemeente, gaan woon. In April 1997 het hulle in Ametis kom bly. Hy het nog steeds sy Opel Kadet gehad, maar het net in die dorp bestuur. Hy was 99 jaar oud toe sy lisensie verval het! Op 14 Junie 2001 was Boy en Sophy 60 jaar getroud. Hulle was baie lief vir mekaar.

Intussen het Sophy se gesondheid agteruitgegaan, maar hy het haar steeds self versorg. In 2003 het hulle na die siekeboegvloer verskuif en 'n paar maande later is Sophy in die intensiewe sorg opgeneem met Alzheimer se siekte. Boy het elke dag vir haar gaan kuier en eetgoed en sap geneem. Selfs tannie v.d. Spuy het middag uitgesien na haar koekies wat hy gebring het. Sophy is in Julie 2005 oorlede.

Oom Boy word 100 jaar!:

Op 10 Mei 2006 het Boy sy 100ste verjaardag gevier. 5-uur dié oggend het hy sy kinders wakker gebel om te sê: “**Ek het dit gemaak**”. Meer as 80 familieleden en vriende was by sy verjaarsdagviering in Ametis. Selfs onbekende familie van Australië het hom gelukgewens. Ongelukkig kon hy nie meer so goed hoor en sien om sy verjaardag ten volle te geniet nie. Na



**Van die Walters-familie by oom Boy se honderdste verjaardag.
Langsaan hom is sy dogter Gerda en sy seun Matthys Michielse (hys).
Oom Boy hou sy jongste kleinkind vas.**

sy verjaardag het sy gesondheid begin afneem en moes hy in November, ná 'n val, 'n operasie ondergaan. Hierna het hy moeilik geloop. Sy 101 ste verjaardag het hy by sy seun in Vredesingel gevier. Sy niggie, ook oorspronklik van Waterklip, Rhena (Tannie Daisy) van Wyk wat ook in Ametis bly, was ook daar. In Augustus 2007 was hy so verswak dat hy in die intensiewe sorg opgeneem is. Op daardie stadium het hy nog sy koerant gelees, al was dit net die hoofopskrifte. In 2008 het hy vinnig agteruit gegaan. Hy moes sterk medikasie gebruik vir pyn, maar hy het nooit gekla nie. Op 10 Mei 2008 word hy 102 jaar — die oudste manlike Walters die afgelope 300 jaar. Op Maandag 19 Mei 2008 om 10 voor 11 is hy in Ametis oorlede.

Bronne

N.M. Walters, Die Walters-Diaspora en Familieboek, 2004
NG Kerk, Nuusbrief, Suider-Strand, Junie, 2008
G Walters, Dogter van oom Boy.